Publication: Huisgenoot
Date: Thursday, January 31, 2019
Page: 38





Die geheim van 'n pragtige vel is om die regte produkte vir jou soort vel te kry. Of jy sukkel met olierige, droë of kombinasievel, hier is jou gids tot goeie versorging

Deur
**NTHABISENG MAKHOKHA**

# Jou volledige VELSORGGIDS

## VELSOORTE

Die eerste stap is om uit te pluis watter soort vel jy het, sê Kim Franco, die bestuurder van Evolve Day Spa. Klop aan by 'n professionele velsorgkundige soos 'n dermatoloog of velsorgterapeut wat jou 'n behoorlike ontleding sal gee en die regte produkte sal aanbeveel.

### OLIERIGE VEL

Hierdie soort vel vervaardig baie sebum, wat lei tot 'n blink of olierige voorkoms. Swartkoppies, puisies en vergrote porieë is algemeen.

### KOMBINASIEVEL

Hier is 'n olierige T-sone (jou wenkbroue, neus en ken) en normaal tot droë vel op ander dele algemeen. Vergrote porieë en puisies kom voor in die T-sone en die droë dele kan jeukerig en geïrriteer voel.

### DROË VEL

Hierdie velsoort vervaardig te min sebum, en daar is dus 'n gebrek aan lipiede (die vel se natuurlike vet) en glans. Die vel kan styf en jeukerig wees en maklik geïrriteer raak.

## HOE WERK DIT?

Die basiese produkte soos wasmiddel, vogroom en sonskerm hou die vel in stand en beskerm dit. Serums gee sigbare resultate omdat hulle aktiewe bestanddele bevat wat die vel diep binnedring. Maskers gaan verder as wasmiddels om vuilighede te verwyder, of help om hoë dosisse aktiewe bestanddele aan jou vel oor te dra. Tydens professionele behandelings word aktiewe bestanddele onder die wakende oog van opgeleide skoonheidskundiges aan jou vel toegedien.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.